



DEPARTEMENT VAN MINERALE EN ENERGIE VERGADERING

Geagte Voorsitter / Sekretariaat

AGRI NW VERGADERING MET DIE DEPARTEMENT VAN MINERALE EN ENERGIE

Agri NW het Dinsdag 16 Julie 2019 'n dringende en ernstige gesprek gehad oor die hantering van prospekter- en mynregte met die waarnemende bestuurder van Departement van Minerale en Energie.

Die prosedure en werkswyse wat gevolg word en die vereiste kommunikasie na Agri NW is herbevestig. Produsente en affiliasies word versoek om alle aansoeke en kennisgewings in hul gebied nougeset te monitor en dadelik vir Agri NW in kennis te stel om hul dan by te staan met kundige advies en ondersteuning. Die proses moet betyds gemonitor en effektief volgens prosedure hanteer word. Die proses word dikwels gemanipuleer om prospektering en mynbou toe te laat tot nadeel van die natuurlike hulpbronne en eiendom belange van grondeienaars.

Help Agri NW asseblief om julle te kan ondersteun om stabiliteit en orde in elke gebied te verseker.

Agri NW groete

Boeta du Toit

Uitvoerende Hoofbestuurder